# Graad 12: *Maart eksamen/ (Vraestel 1):* Studiehulpbron


- **Jy het ten minste 2 dae nodig om te leer (jy kan dit op een dag leer, maar dan gaan jy nie noodwendig al die onderwerpe baie effektief leer nie.)**
- **+-6 tot 10 ure, hang af hoeveel jy al verstaan**

## Dag 1 (+- 4 tot 6 ure, kan meer ook wees)

**Waar begin ek?**

- **Aansuiwerings**!! Dit word in beide Staat van Omvattende inkomste en Staat van Finansiële posisie gevra en tel baie punte. Aansuiwerings HERHAAL, soos jy ou vraestelle deurwerk sal jy dit agterkom.

1. **Begin by die Inkomstestaat (Staat van Omvattende inkomste)**





**1.1** Begin daar met die **<u>Aansuiwerings video's</u>**, dit is so 30 video's maar almal is net 'n paar minute lank.

- Daar is meer as een video by elke aansuiwering (Van Huurinkomste tot Verkope aan debiteure).

- Werk <u>ELKEEN</u> deur. Probeer om van die 2de en 3de video's eers self te doen, voor jy die video kyk. Doen dit sommer op 'n skoon blaai, so kan jy sien wat jy nog nie verstaan nie.

**1.2** Kyk volgende by **VASTE BATES** :





**1.2.1** Kyk na al die **volgende** video's:

- **Waardevermindering teen kosprys en (video's 1-5,7)**
- **waardevermindering teen drawaarde. (video's 8-12, 14-15)**
- As jy die werk al verstaan en goed kan doen, doen net Video's 4,5,7 en 11,12,14,15.

**1.2.2** **Bateverkope**: Baie belangrik om die werk te hersien,(Video's 16-19)

- Hierdie is Graad 10 en 11 werk, maar dit is baie belangrik. Hulle vra dit elke eksamen op een of ander manier.

**1.3** Volgende leer jy die **FORMAAT** van die **Staat van Omvattende inkomste (Inkomstestaat)**. Kry dit HIER:




- Kyk die volgende **video's** by **Inkomstestaat en aansuiwerings:**

- **Inkomstestaat FORMAAT en Notas**:
- *Video 2: Basiese Inkomsteststaat FORMAAT DEEL 1-3.*

- *Dit* sal jou baie help om die format beter te verstaan, en so beter te onthou. Jy verloor maklike punte in die eksamen omdat jy nie die formaat ken nie. Jy gaan die formaat in elke eksamen die jaar gebruik. Begin dit eerder nou leer as November!

**1.4** Dan kyk jy na volgende video's wat jou sal wys **hoe mens 'n Staat van Omvatende IInkomste( Inkomstestaat) VOLTOOI.**

Kyk onder **Inkomstestaat FORMAAT en Notas:**

- *Video 3: Inkomstestaat voltooi DEEL 1-6.*

- *Dit sal help om dit wat jy nou sover geleer vas te lê, wat belangrik is voor jy eksamenvoorbeelde kyk.*

1.5 Nou kan jy na **eksamenvoorbeelde** kyk/self probeer.

- Bly by **Inkomstestaat formaat en aansuiwerings**.
- Die video's is by: ***Inkomstestaat: Eksamenvrae***. *Video's 1-3*.

➢ *Onderaan elke video is ook 'n dokument wat jy kan aflaai. Ek stel voor jy doen eers self die vraag, al sukkel jy. Daarna kyk jy die video en leer so waar jy nog foute maak of nie verstaan nie. Jy kan self weer van die boonste video's kyk as jy nog baie sukkel.*

1.6 Laai nou die **MAART TOETS 2022 (VS)** af .


- Kies **EKSAMEN VRAESTELLE** (op die Menu) -Graad 12 -Maart-2022- Vrystaat, download en druk dit uit.

- Voltooi **Vraag 1** op jou eie **(SLEGS 1.1.).**

- *Kyk dan na die video's by die Rekeningkunde eksamenpakket, Maart toetse, Vraag 1*.

- Jy is welkom om deur ander vraestelle ook te werk as jy nog wil oefen. Kyk by VRAESTEL 1, enige Staat van Omvattende inkomste vrae.

2. Volgende is **NOTAS** en **Staat van Finansiële posisie(Balansstaat)** se beurt.




- Maak seker jy KEN notas 3-9 en jy kan die Staat van Finasiële posisie sonder notas voltooi. Daar is nie video's oor die notas nie, dit is Gr10 en 11 werk.

- Leer eerste die FORMAAT van elke nota. In graad 12 vra hulle meestal Aandelekapitaal en Behoue inkomste Notas.

- MAAR jy moet AL die notas ken, want jy moet dit op die SFP voltooi vir maksimum punte.


- Die ander notas is dieselfde as in GRAAD 10, hie ren daar kom iets by.. *(indien jy regtig dit nie kan onthou of in jou handboek kry nie, kontak ons dan gee ons vir jou toegang tot van Gr10 video's)*

**2.1 Aandelekapitaal NOTA**
Kyk eerste na die video's 1-4 van aandelekapitaal

**2.2 Behoue inkomste NOTA**
Kyk na video's 1-5.

**2.3 Volgende is die VASTE BATE nota**


- **Kies nou weer VASTE BATES**
- **Kyk na die VASTE BATE NOTA video's**
- *Hierdie is 'n hele afdeling in Jun, Sept, Nov eksamen. Maak seker jy doen moeite met die video's.*




**2.3.1 Video 1: Deel 1- 3** Verduidelik die vaste bate nota
**2.3.2 Video's 2-3:** Oefen om die nota te voltooi (hierdie is baie belangrik)
**2.3.3 Eksamenvideo's**:
Video's 6,7,9,
4.Feb 2015 Vraag 4,
5. Feb 2018 Vraag 5,
2. Nov 2017 Vraag 3
behandel almal die VASTE BATE NOTA.

- As die tyd dit toelaat, doen sommer al 9 video's.

**2.4** Gaan weer na **BALANSTAAT: FORMAAT EN Notas**




*Leer nou die Staat van Finansiële posisie se **FORMAAT**.*

2.4.1 Kyk eerste na **BALANSTAAT: FORMAAT EN NOTA**

- **Video 1 A-D: FORMAAT**
- *Die video's verduidelik weer die formaat vir jou, ook waar jy elke bedrag kan kry. As jy die formaat ken en weet waar om watter bedrae in te vul, kan jy maklike punte in die eksamen so kry.*

2.4.2 **BALANSTAAT: FORMAAT EN NOTA**

- ➢ Kyk **video's 2-3**

- Om hierdie formaat en inligting vas te lê.
- Kyk aan die onderkant van die video's is dokumente wat jy kan aflaai om saam dit deur te werk. Dit sal ook goed wees om ander nota;s se inligting so in te oefen.

**2.5 BALANSTAAT: FORMAAT EN NOTA**

- ➢ **Eksamenvrae: Video 4.**

- Doen nou die vraag eers self, laai die dokument af aan die onderkant van die video. Kyk daarna na die video's om seker te maak jy verstaan en weet waar verstaan jy nog nie die werk nie.


**2.6** Gaan doen die **MAART 2022 (VS) Toets:**

- **Vraag 1.2** (Behoue inkomste nota) en
- **Vraag 2.1** (Aandelekapitaalnota).

- Daarna kan jy na die video's kyk by die Rekeningkunde eksamenpakket Maart TOETSE.
- As jy nog oefening kort gaan kyk by Vraestel 1 na enige vrae oor Balansstaat en Staat van Finasiële posisie of NOTA vrae.

## Dag 2 (+- 4 tot 6 ure, kan meer ook wees)

3. **Ontleding en vertolking.**
   - *Eintlik jou beste vriend, moeinie bang wees hiervoor nie. Jy kan meeste punte hier kry ek belowe. Doen net wat ek sê, hie ren daar is uitvang plekke maar Meestal vra hulle dit presies dieslefde)*
   - Jy moet die formules ken(jammer!). Dit maak dit baie makliker in eksamen.




**3.1 Begin met Likiditeit:**

- Die werk het jy in GR10-11 gedoen.
- Doen en oefen Eksamenvideo's 1-3.
- Indien jy nog sukkel, of onseker is, kontak ons gerus vir GR10-11 video's ook.

**3.2 VPA, DPA, dividend uitbetalingskoers is volgende:**

- Video 1- 6 (leer jou waar om watter bedrae te kry en hoe dit gevra kan word, watter kommentaar jy moet lewer vir meeste punte. Baie belangrik!)
- Eksamenvraag 1-3. (nou kan jy die vrae oefen en sien of jy dit verstaan)

**3.3 Netto bate waarde, markprys(JSB),opbrengs op aandeelhouers belang:**

- Video's 1-3 (verduidelik hoe formules werk en waar jy bedrae moet kry, watter kommentaar vir jou punte sal gee)
- Eksamenvraag video's 1-4 (dis nodig om die werk te oefen, veral die kommentaar, skryf dit uit, moenie net na memo kyk en dink jy gaan dit onthou nie. OEFEN OEFEN OEFEN)

**3.4 Lenings, hefboom, finansiële risiko, OOTKA**

- Video's 1-3 (Verduidelik formules en kommentaar, NB!)
- Eksamenvrae video's 1-4 (gaan deur almal asb, hierdie word ALTYD gevra en is maklike punte, as jy die 'trick' agterkom. En dit gebeur net as jy dit oefen)


### 3.5 Meerderheidsaandele

- Video's 1-6 (hoe om dit te bereken, waar om bedrae te kry, watter kommentaar vereis word)
- Eksamenvraag video's 1-3 (OEFEN OEFEN OEFEN)

3.6 Gaan doen die **MAART 2022 (VS) Toets:**

- **Vraag 3**
- Daarna kan jy na die video's kyk by die Rekeningkunde eksamenpakket Maart TOETSE.
- As jy nog oefening kort gaan kyk by Vraestel 1 na enige vrae oor Ontleding en vertolking vrae.

## 4. Kontantvloeistaat




4.1 **FORMAAT**:

- Video 1

4.2 Kontanvloei uit **bedryfsaktiwiteit: NOTA 1:**

- Video's 2-12 (**geen video 11*) (baie belangrik om te verstaan waar bedrae vandaan kom, hoe om bedrae te bereken en hoe om HAKKIES te gebruik. Onthou, verkeerde hakkies = GEEN punte)
- Eksamenvoorbeelde: Video's 15-17

4.3 **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite**: **Dividende betaal**

- Video's 23-25
- Eksamenvoorbeeld: Video's 26-28

4.4 **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite**: **Rente betaal**

- Video's 18-20
- Eksamenvoorbeelde: Video's 20-21

4.5 **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite: Belasting betaal**

- Video's 29-31
- Eksamenvoorbeelde: Video's 32-34

4.6 **Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite FORMAAT**

- Video 35

4.7 **Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite: AANKOOP van vaste bates**

- Video 36-38

4.8 **Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite: Vaste deposito**

- Video 39

4.9 **Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite: EKSAMENVOORBEELDE**

- Eksamenvoorbeelde: Video's 40-41
- Baie belangrik om die werk nou in te oefen. Die werk herhaal en word net op soveel manier gevra. Doen eers self die voorbeeld, voor jy die video kyk.

4.10 **Kontantvloei uit finansierings aktiwiteite:**

- Video 42-45

4.11 **Kontantvloei uit finansierings aktiwiteite: EKSAMENVOORBEELDE**

- Video's 46-48
- Kyk mooi hoe die werk in die eksamen gevra word, hoe meer jy dit oefen, hoe meer gaam jy sien hoe dit herhaal in baie eksamens

4.12 **NETTO verandering in kontant en kontantekwivalente**

- Video's 49-51

4.13 **NETTO verandering in kontant en kontantekwivalente: EKSAMENVOORBEELDE**

- Video's 52-53

4.14 Doen nou **MAART 2022 (VS):**

- VRAAG 2
- Daarna kan jy na die video's kyk by die Rekeningkunde eksamenpakket Maart TOETSE.
- As jy nog oefening kort gaan kyk by Vraestel 1 na enige vrae oor Kontantvloei of enige van die notas vrae.